




Die Cilliers-Stamouers se Huwelik

Johannes CILLIERS – jhcilliers@gmail.com

Dit is reeds bekend dat die Cilliers-stamouers, Josué Cellier en sy vrou Elisabeth Couvret, op 2 Mei 1700 vanaf die eiland Goeree op die skip, die *Reigersdaal*, na die Kaap afgereis het (*Familia* 46 (2) 2009, bladsy 70). Wat tot nog toe nie bekend was nie, was inligting oor waar hulle in Nederland vertoef het en waar en wanneer hulle getroud is. Het hulle reeds in Frankryk getrou, of eers tydens hulle verblyf in Nederland voor hulle vertrek na die Kaap?

Danksy inligting wat van die *gemeentearchief* in Delft in Nederland bekom is, is dié probleem uiteindelik opgelos. Dit blyk dat die egpaar wel na hulle aankoms in Nederland getrou het. Volgens die argief het hulle op 13 Maart 1700 in die Oude Kerk “*in ondertrouw gegaan*” en op 31 Maart 1700 in die Waalse Kerk in Delft getrou, waar die



Die inskrywing in die register tydens hulle “*ondertrouw*” op 13 Maart 1700 voor die huwelik op 31 Maart 1700. Benewens die name van Josué en Elisabeth, verskyn ook die name van die getuies tydens die geleentheid. Die inskrywing lees:

Bruidegom	Josue Serrier, wonend 's Gravenhage
Bruid	Elisabeth Couvree, jongedogter, wonend Voorstraat
Plaats	Delft
Datum ondertrouw	13-03-1700

seremonie waarskynlik in Frans kon plaasvind.

Dit is interessant om daarop te let dat “*in ondertrou gaan*” destyds in Nederland noodsaaklik was om in die huwelik bevestig te kon word. Ondertrou, of huweliksaangifte, is die benaming wat gebruik is vir die aangee van die voorneme om te trou en stem ooreen met die huidige “afkondiging van gebooe” in die kerk. Volgens wet moes daar ’n tydperk van minstens veertien dae tussen die ondertrou- en die troudatum verloop. Gedurende dié tyd moes bepaal word of daar nie enige beletsel vir die voltrekking van die huwelik was nie en of al die nodige dokumente in orde is. Verder is daar ook pastorale gesprekke met die betrokke persone gevoer om hulle vir die huwelik voor te berei.

Volgens die inskrywing in die huweliksregister is Josué beskrywe as *Josue Serrier*, jongman van ’s Gravenhage en Elisabeth as *Elisabeth Couvree*, jongedogter van Voorstraat. Dit lyk dus of hulle na hulle aankoms in Nederland in ’s Gravenhage (Den Haag) en wel in Voorstraat gebly het. Vir hoe lank hulle al daar vertoef het, kon nog nie vasgestel word nie.

Die bruidegom was (waarskynlik die oudste) seun van Josué Cellier en Judith Rouilly en die bruid was die dogter van Pierre Couvret (1649-1693) en Charlotte Moireau (1545-1690).

Die feit dat Josué se van as Serrier gespel is, moet daaraan toegeskryf word dat hy en Elisabeth albei ongeletterd was en die van dus nie kon spel nie. Daar was in daardie tyd òf nie dokumente beskikbaar nie òf hulle het nie daaraan gedink dat hulle dokumente sou nodig kry en dit sou moes saambring nie. Gevolglik moes die kerkbeamptes bloot volgens die uitspraak van die van ’n fonetiese weergawe van die spelling probeer gee. Dit blyk ook daaruit dat Elisabeth se van as Couvree gespel is wat nogal die Franse uitspraak goed weerspieël het. Tog is dit eienaardig dat hulle vanne kort daarna op die passasierslys van die *Reigersdaal* wel korrek gespel is.

Tyd vir wittebrood na die huwelik was daar seker nie, want die finale reëlings vir die reis, net ’n maand later, moes nog getref word. Hulle sou dit beslis nie toe so beskou het nie, maar as dit na drie eeue en uit die oogpunt van hulle talryke nasate in Suid-Afrika gesien word, kan tereg gevra word watter bruidegom sou ’n beter wittebroodsreis vir sy bruid van ’n maandelange skeepsreis na ’n nuwe tuiste en ’n nuwe toekoms kon kies.

